basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Lees AL die instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep ná elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**BANG VIR VERANDERING?**

*Susan Goosen*

1 Elke jaar bring verandering. En ewe onvermydelik 'n vrees by sommige mense daarvoor. Trouens, vir baie mense bring verandering 'n soort angs mee wat hulle verlam. Nie alle mense is noodwendig intelligent genoeg en emosioneel gereed vir verandering nie, en daarom ook nie vir die aanpassings wat daarmee gepaard gaan nie.

2 Intelligensiekwosiënt (IK) en sy eweknie, emosionele kwosiënt (EK), word wyd as belangrike aanwysers vir suksesvolle aanpassing ná verandering erken. Albei verwys na 'n natuurlike intellektuele aanleg, boekekennis én mensekennis wat saam met mense-ervaring 'n rol speel in hoe iemand die uitdagings wat verandering en aanpassing meebring, gaan aanpak.

3 Wanneer die winde van verandering jou lewensbootjie omkeer, is daar dikwels net een van die twee moontlikhede: sink of swem. Daarom beklemtoon kenners deesdae ook die belangrikheid van 'n sogenaamde aanpasbaarheidskwosiënt (AK). Laasgenoemde verwys na jou vermoë om by nuwe situasies wat verandering meegebring het, aan te pas. Dit is 'n onderwerp waaroor min inligting beskikbaar is en daarom word dit met toenemende erns nagevors.

4 Oor die konsep van die belangrikheid van 'n AK, sê Lynette Beer, 'n lewensafrigter* van onder andere maatskappydirekteure in Pretoria: "Maatskappydirekteure stel deesdae al minder in mense se kwalifikasies belang, maar meer in hulle AK's. Tydens werksonderhoude is beroepsondervinding deesdae minder belangrik as die vermoë om potensiële probleemsituasies op te los. Daarom word vrae soos: 'Hoe sal jy die volgende situasie hanteer?' of 'Wat as die volgende gebeur?' gevra om vas te stel of jy opgewasse sal wees vir die uitdagings wat voortdurende verandering bring. Ou oplossings werk nie meer vir moderne probleme nie. En 'n onderneming wat nie by verandering kan bybly nie, gaan nie oorleef nie."

5 Lynette Beer sê voorts ook die volgende oor die aanpassings wat verandering meebring: "<u>Ons moet buite die boks dink</u>. Ter wille van oorlewing, ja, maar ook sodat ons ons gesinslede kan begelei en ondersteun. Die statistiek rakende veral depressie en ook stres, verslawing en trauma maak dit noodsaaklik om aanpassingsvaardighede aan te leer, tot voordeel van jouself en jou gesin. Persoonlike groei gaan hand aan hand met verandering én die aanpassings wat jy moet maak. Terselfdertyd kry 'n mens die onderskeidingsvermoë om te weet wanneer verandering dalk nié die antwoord is nie, of nié tot ons voordeel sal wees nie."

6 'n Mens se AK help jou dus nie net tydens verandering om te oorleef nie, maar ook om te groei en te gedy, veral in tye wanneer groot veranderinge noodwendig drastiese aanpassings meebring.

7 Lynette Beer gee ook wenke aan diegene wat bang is dat hulle nie die uitdagings van verandering gaan oorleef nie en daarom hulle aanpassingsvaardighede wil inoefen: "Erken dat verandering normaal en dikwels nodig is. Neem vervolgens eienaarskap van die veranderingsproses. Stel dan 'n uitvoerbare aksieplan op. Gee laastens erkenning aan jou suksesse en persoonlike groei deur jouself op die skouer te klop."

8 Ngobezi Dwada, 'n maatskaplike werker en berader, sê ook dat grootskaalse veranderinge heelwat ingrypende aanpassings kan verg – veral in stresvolle werksomgewings wat voortdurend vars denkrigtings vereis. As werknemers egter voorbereid is hierop, kan hierdie veranderinge dan uiteindelik opwindend wees. "Daarom behoort die hooffokus tydens werksonderhoude júis te wees om te bepaal of die aansoeker oor die regte kwalifikasies beskik wat hom/haar in staat sal stel om probleemoplossend te dink. Maar ongelukkig reageer veral ouer mense nie goed wanneer hulle aanpassings in die gesig moet staar nie – dít as gevolg van 'n ingeboude weerstand teen verandering. En dit is veral ouer mense wat ongemaklik met die onbekende is. Dít maak dan aanpassings by veranderde omstandighede vir hulle dikwels vreesaanjaend. Hulle is dikwels bang dat hulle nie die vermoë of die vaardighede meer het om nuwe of veranderde situasies te kan hanteer nie."

9 Dr. Ike Gentleman, 'n lektor in bedryfsielkunde, wys egter in hierdie verband daarop dat daar wél mense is wat oor 'n ingebore aanpasbaarheid beskik en daarom beter op nuwe of veranderde situasies reageer. "Navorsers reken dat hierdie mense suksesvol is omdat hulle in die 'nou' lewe, en weet hoe om hulself aan die vloei van die lewe oor te gee. Hulle hanteer die stres van verandering en aanpassing makliker."


10 Dr. Gentleman verduidelik verder dat temperament, persoonlikheid, vaardigheid en voorkeure alles 'n rol speel by hoe aanpasbaar 'n persoon kan wees. "Aanvaar dat die lewe verrassings en eiesoortige uitdagings gaan meebring. Hierdie uitdagings kan uiteindelik daartoe bydra om jou menswees te slyp en te ontwikkel. Sodra ons hierdie vlak van aanvaarding bereik, kan ons veel makliker met nuwe situasies werk én aanbeweeg. Ons het moontlik nie altyd beheer oor wat om ons gebeur nie, maar ons kan wel ons reaksies daarop beheer."

11 Die geleerdes is dit dus eens: veranderinge in die lewe kan nie vermy word nie, maar hóé jy dit gaan hanteer, dís die groot geheim vir 'n suksesvolle lewe.

***lewensafrigter** – 'n persoon wie se werk dit is om die lewensgehalte van sy/haar kliënte te verbeter deur aan hulle loopbaanadvies te gee; ook om sy/haar kliënte met die aanpassing in nuwe situasies by te staan. Gee raad aan diegene in bestuursposisies oor aanstellings van personeel.

[Verwerk uit *Lig*, Desember 2019/Januarie 2020]

**TEKS B: SPOTPRENT**




[Uit: *Die Burger*, 31 Januarie 2019]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Sommige mense het volgens paragraaf 1 geen keuse as om met nuwe uitdagings en die vrees daarvoor saam te leef nie.

Skryf TWEE redes neer waarom angs baie mense as't ware verlam wanneer hulle met verandering gekonfronteer word. (2)

1.2 "... wanneer die winde van verandering jou lewensbootjie omkeer ..." (paragraaf 3)

1.2.1 Wat beteken dié uitdrukking binne die konteks waarin dit gebruik word? (1)

1.2.2 Gee EEN eie rede waarom aanpasbaarheid in dié situasie as 'n oplossing aanbeveel word. (1)

1.2.3 Waarom word daar met toenemende erns oor die onderwerp van mense se aanpasbaarheidskwosiënte navorsing gedoen? (1)

1.3 Beoordeel die geloofwaardigheid van Lynette Beer se stelling in paragraaf 4 oor maatskappydirekteure. Gee 'n rede vir jou beoordeling. (1)

1.4 Herlees reëls 17–21 van paragraaf 4.

Watter implikasie hou dit nóú vir werkaansoekers in as die fokus van vrae tydens werksonderhoude verander het? (1)

1.5 Haal 'n sin uit paragraaf 4 aan wat met die onderstreepte sin in paragraaf 5 verband hou. (1)

1.6 Herlees paragraaf 5.

Lynette Beer noem die aspek van depressie eerste wanneer sy na statistiek verwys wat aanpassingsvaardighede noodsaaklik maak. Gee 'n moontlike rede hiervoor binne verband van die teks. (1)

1.7 Watter wenke gee Lynette Beer aan mense om hul AK in te oefen? (4)

1.8 Herlees paragraaf 4 en 8.

Watter verskil blyk uit dié onderskeie paragrawe t.o.v. dit wat werkgewers in ag behoort te neem wanneer hulle met iemand 'n werksonderhoud voer? (1)

1.9 Watter afleiding kan 'n leser uit die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 8 t.o.v. werknemers se werksverrigting maak? (1)

1.10 Ngobezi Dwada kan van vooroordeel beskuldig word. Verduidelik hierdie stelling. (1)

1.11 Dr. Ike Gentleman huldig in paragraaf 9 'n spesifieke siening t.o.v. mense se aanpasbaarheid.

1.11.1 In watter opsig verskil dr. Gentleman se siening t.o.v. verandering en aanpassing van dié van me. Dwada? (1)

1.11.2 Waarom sou 'n leser eerder dr. Gentleman se siening as gesaghebbend beskou? (1)

1.11.3 Wat bedoel dr. Gentleman as hy sê dat mense weet hoe om hulself aan die vloei van die lewe oor te gee? (1)

1.12 Verwys na dr. Ike Gentleman se stelling in paragraaf 10.

Wat gaan die gevolge wees wanneer 'n mens aanvaar dat die lewe vol verrassings is? (2)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Watter visuele inligting skep 'n restaurantagtergrond? (2)

1.14 Waarom dink jy is die gratis kos slegs op modelle van toepassing? (1)

1.15 Is die man se verwagting om gratis te eet en die kelner se houding onderskeidelik geregverdig? Motiveer jou antwoord deur na die man en die kelner te verwys. (2)

1.16 Lei die funksie van die beletselteken/ellips in SPRAAKBORREL B binne konteks van die spotprent af. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.17 Herlees TEKS B en paragraaf 5 van TEKS A.

Slaag die spotprentkunstenaar na jou mening daarin om die kwessie van 'n mens se aanpasbaarheidskwosiënt (AK) voldoende weer te gee indien die onderstreepte sin in paragraaf 5 (TEKS A) in ag geneem word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.18 Verwys na SPRAAKBORREL C van TEKS B.

1.18.1 Sluit die muis se woorde by die slotsom in paragraaf 11 (TEKS A) aan?

Motiveer jou antwoord. (1)

1.18.2 Wat is die geïmpliseerde boodskap van die muis se woorde in SPRAAKBORREL C? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om 'n stresvrye lewe te lei.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**'N GELUKKIGER, STRESVRYE JY**

Het jy geweet dat jou liggaam natuurlike goedvoelchemikalieë bevat? Een hiervan is serotonien, 'n breinoordragstof wat jou kalm en gelukkig laat voel. Jy kan jou serotonienvlakke 'n hupstoot gee wanneer jy bietjie gespanne voel.

Jy het net 15 minute se oefening per dag nodig. Oefening help nie net met gewigsbeheer nie, maar ook om hartkwale te voorkom en stresvlakke te verlaag. Oefen dus gereeld om jou stresvlakke laag te hou. Maar oefening alleen is nie genoeg vir die mens se rustige gemoed nie! Doen elke dag iets lekker soos om byvoorbeeld 'n boek te lees. Dit hou serotonienvlakke in stand.

Jy ken mos daardie warm, gelukkige gevoel nadat jy heerlik geëet het? Dit is omdat sekere kossoorte jou brein se chemiese samestelling beïnvloed. Eet kossoorte wat jou later ontspanne sal laat voel. Hou egter in gedagte dat suiker, alkohol en kaffeïen jou serotonienvlakke 'n vinnige hupstoot gee. Wanneer jy te gereeld hiervan inneem, laat dit jou gespanne voel. Vermy ook die oormatige inname van hoë suiker- en kaffeïendrankies in 'n poging om jou stresvlakke normaal te hou.

Sorg dat jy 'n behoorlike nagrus inkry, want niks werk so goed om stres vaarwel te roep nie. Jou slaapkamer is die plek waar jy goeie nagrus moet kry. Slaap help beslis, maar as jy nie kwaliteitslaap inkry nie, staan jy dikwels meer gespanne op as wat jy aanvanklik was. Dit help nie jy slaap vir ure aaneen met 'n brein wat nog nie afgeskakel is nie.

Oggendsonlig stimuleer die produksie van goedvoelhormone. Verwerk stres met behulp van UV-strale. Stel jou aan soveel moontlik van die oggendsonlig se UV-strale bloot, want jou gemoedstoestand is soggens meer vatbaar vir die helende invloed van sonstrale. Jy hoef dus nie vir ure onder skadelike UV-strale te lê en sonbak nie.

Masserings is 'n algemene behandeling vir mense wat onder spanning verkeer. Onlangse navorsing deur die Universiteit van Miami se mediese skool wys dat 'n masseringsessie jou serotonienvlakke met 28% kan laat verhoog en kortisol (die streshormoon) met 21% laat verlaag. Besoek gereeld 'n masseur om die stram spiertjies uit te stryk sodat jy stresvry jou dagtaak kan aanpak.

Hoop jy weet nou hoe om van spanning ontslae te raak om met 'n huppel in jou stap die lewe aan te pak.

[Verwerk uit *Die Burger Naweek*, 15 November 2019]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie **(TEKS D)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

KOM IN DIE

EILANDGEES

**Tropika** gee jou 'n voorsmaak van die lekker lewe – proe dit self.

Ontsnap na 'n eksotiese eilandlewe waar jy luilekker op die strand kan lê en luister hoe die branders breek.

Min dinge klop daardie eilandgevoel, maar **Tropika** gee jou 'n proesel van die goeie lewe met sy verskeidenheid lipleklekker geure. Ontspan terwyl jy stadig <u>teug</u> aan die strelende smaak van **Tropika**.




**Wat is jou gunsteling?** Kies: mango-perske, lemoen, pynappel, Cool Red en nou – vir die heel lekkerste eilandgevoel – die nuwe Pina Colada.

**Tropika** sê: "Slegs fynproewers drink hierdie verfrissende drankie – enige plek, enige tyd – om hulle saai lewens op te kikker."

[Verwerk uit *Tuis*, Augustus 2020]

**VRAE**

3.1 Plaas 'n gepaste skryfteken op die laaste woord in reël 1 van die opskrif en sê hoe dit die woordsoort verander. (2)

3.2 Verwys na die groter letters en lettertipes in reël 1 en 2.

3.2.1 Hoe beïnvloed die groter letters in reël 1 en 2 die leser? (1)

3.2.2 Sou jy die gebruik van die ander lettertipe in reël 2 as funksioneel beskou? Verduidelik jou antwoord kortliks. (1)

3.3 Hoe word die leser in reël 3 betrek? (1)

3.4 Waarom maak die adverteerder van die woord **eksotiese** in reël 4 gebruik? Bied jou antwoord in 'n volsin aan. (1)

3.5 Skryf 'n woord uit reël 7 neer waarmee die adverteerder die gebruiker oortuig om die produk te koop. (1)

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) neer.

Die rede waarom die woord "teug" in reël 8 eerder as **drink** gebruik is, is omdat dit die …


A korrekte register van advertensietaal aandui.
B gepaste voorbeeld van 'n neutrale woord is.
C ontspanne atmosfeer van 'n eilandlewe ondersteun.
D emosionele behoefte van gebruikers aanspreek. (1)

3.7 Op grond waarvan is hierdie advertensie bevooroordeeld indien reël 11 en 12 in ag geneem word? (2)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit https://wwwcomicskingdom.com]

**VRAE**

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.1) en die letter (A–D) neer.

Die eerste twee woorde van die strokie se titel is 'n …

A onderwerp.
B voorwerp.
C gesegde.
D byvoeglike bepaling. (1)

4.2 Waarom is die onderstreepte woord in RAAMPIE 1 gepas? (1)

4.3 Hoe behoort 'n leser die vraagteken bokant die meisie se kop in RAAMPIE 2 te verstaan? (1)

4.4 In RAAMPIE 3 is dit duidelik dat die twee seuns die meisie doelbewus nie by hulle gesprek wil insluit nie.

Watter visuele en verbale inligting bied hierdie raampie om die stelling hierbo te ondersteun? (2)

4.5 Hoe weet die leser dat die meisie se stemtoon in RAAMPIE 4 kwaai is? Gee dan TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit hierdie raampie wat by haar stemtoon aansluit. (2)

4.6 Verander die onderstreepte woord in RAAMPIE 4 na 'n teenwoordige deelwoord wat jy in 'n sin van jou eie gebruik. (1)

4.7 Die seun (gemerk A) se liggaamstaal in RAAMPIE 5 en RAAMPIE 2 verskil.

4.7.1 Motiveer hierdie stelling. (1)

4.7.2 Wat dink jy is 'n moontlike rede vir dié verandering? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

### TIMBUKTU SKEP

1 Vyftig kinders se gesigte het van trots gestraal nadat hulle die reaksie op hul kunswerke gesien het. Honderde mense het ingestroom om na hul handewerk te kom kyk, vrae te vra en van die kleurryke skeppings te koop wat hulle op die Ndebele-kombers voor hul leersentrum uitgestal het. Die kinders was bly en verheug oor die reaksie.

2 Die eerste Sondag van die maand is markdag by *Victoria Yards*, die nuwe stedelike ontwikkeling oos van Johannesburg se middestad. Dan ry mense meer as veertig kilometer na dié deel van die stad om 'n dag van kuns en kultuur, organiese kos en vermaak te geniet.

3 Dit was die eerste keer dat die kinders van die leersentrum, *Timbuktu in the Valley*, hier 'n fondsinsameling vir hul skool gehou het met versierings wat hulle met hul eie hande gemaak het.

4 Die organisasie se skryfbehoeftevennoot; Staedler, het die *Fimo*-kunstenaar, Riaan Marais, na hierdie sentrum gebring. "Sjoe, en het hierdie kinders van die buurt dít nou baie geniet!" het Mia Sonnekus, woordvoerder van *Staedler* gister in 'n onderhoud gesê.

5 *Timbuktu in the Valley* is twee jaar gelede tydens 'n nasionale (5.5) inisiatief gestig. Die hoofdoel was om plaaslike sosio-ekonomiese uitdagings te help oorkom. Daar word gereeld werksessies oor onderwerpe soos tuinmaak, kunsvlyt, herwinning, drama, kosmaak en kleiwerk aangebied om die (5.6) **jongspan** aan verskillende beroepe bloot te stel.

6 Die fokus is om vir plaaslike jongmense, wat swaarkry, meer geleenthede in die lewe te bied deur hulle met die nodige vaardighede toe te rus om 'n onafhanklike lewe te lei. Dit was die noodsaaklikste ding wat by hierdie gemeenskapsprojek moes gebeur en sal hopelik suksesvol wees.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 26 Desember 2019]

5.1 Benoem die onderstreepte telwoord in paragraaf 1. (1)

5.2 Skryf die pleonasme in paragraaf 1 neer. Dink jy dié pleonasme is funksioneel in die sin? Motiveer jou antwoord. (2)

5.3 Skryf die kern van die onderstreepte samestelling in paragraaf 2 neer. Vorm nou 'n bywoord daarvan en gebruik dit in 'n sin van jou eie. (2)

5.4 Verbeter die leestekenfout by die parentese in paragraaf 4 deur die sin korrek neer te skryf en gee ook die funksie van dié parentese. (2)

5.5 Verdeel die onderstreepte woord in paragraaf 5 in lettergrepe. (1)

5.6 Gebruik die vetgedrukte woord in paragraaf 5 as twee woorde in 'n verklarende sin. (1)

5.7 Skryf die basisvorme/stamme van die onderstreepte woord in paragraaf 6. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Mense is nie intelligent genoeg nie. ✓<br>Hulle is emosioneel nie gereed nie. ✓ | 1<br>1 |
| 1.2.1 | Verandering veroorsaak probleme./uitdagings in jou lewe./keer jou lewe onderstebo. ✓ | 1 |
| 1.2.2 | Aanpasbaarheid sal 'n mens help om uitdagings (suksesvol) die hoof te bied./met selfvertroue aan te pak./<br>Dit sal jou ook help om suksesvol by nuwe/onbekende situasies aan te pas./om te swem. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan die antwoord ook soos volg aanbied: As jy nie aanpas nie, ...* | 1 |
| 1.2.3 | Daar is min inligting oor die aspek van AK's beskikbaar (en dus word daar met toenemende erns navorsing daaroor gedoen). ✓ | 1 |
| 1.3 | Haar stelling is geloofwaardig, want sy help maatskappydirekteure, (wat sukkel om by veranderinge aan te pas), in haar beroep as lewensafrigter./Sy is 'n lewensafrigter. ✓ | 1 |
| 1.4 | Werkaansoekers sal anders vir onderhoude voorberei./hul vaardighede moet wysig./kwalifikasies op die lange baan/agtergrond skuif./op aanpasbaarheid/vermoë om probleme op te los, moet fokus./moet leer om op hul voete te dink tydens 'n onderhoudsituasie./aan te pas by die onderhoudsituasie. ✓ | 1 |
| 1.5 | "Ou oplossings werk nie meer vir moderne probleme nie." ✓ | 1 |
| 1.6 | Depressie is die nagevolg van mense wat sukkel om by verandering aan te pas./<br>Depressie is die gevolg van angs/vrees/weerstand teen verandering./<br>Depressie is 'n belangrike faktor in/beïnvloed iemand se aanpassingsvaardighede. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | Erken dat verandering normaal is.<br>Erken dat verandering dikwels nodig is.<br>Neem eienaarskap van die veranderingsproses.<br>Stel dan 'n aksieplan op.<br>Laastens gee erkenning aan jou suksesse (en persoonlike groei deur jouself op die skouer te klop.) ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.8 | Paragraaf 4 verwys na die feit dat maatskappydirekteure nie meer so baie belangstel in aansoekers se kwalifikasies nie,/op die aanpasbaarheidskwosiënt/probleemoplossings-vaardighede fokus, terwyl paragraaf 8 daarop wys dat jy oor die regte kwalifikasie moet beskik./kwalifikasies nie as ondergeskik gesien moet word nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.9 | Werknemers wat voorbereid is met vars denkrigtings, <u>sal in "nuwe"/stresvolle werksomgewings floreer</u>./<u>veranderinge as opwindend ervaar</u>./<br>Werknemers wat onvoorbereid is, ervaar stres./is bang. ✓ | 1 |
| 1.10 | Ngobezi Dwada het 'n vooropgestelde idee dat veral ouer mense ongemaklik met die onbekende is./dat aanpassings by veranderde omstandighede vir hulle dikwels vreesaanjaend is./dat hulle dikwels bang is dat hulle nie die vermoë/vaardighede het om nuwe/vreemde situasies te kan hanteer nie./<br>Nie alle ouer mense is ongemaklik met die onbekende nie./met die aanpassing by veranderde omstandighede nie./bang vir die hantering van nuwe/vreemde situasies nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan 'n positiewe of negatiewe vooroordeel in die antwoord aanbied.* | 1 |
| 1.11.1 | Dr. Ike Gentleman sê dat aanpasbaarheid by veranderinge 'n ingebore karaktereienskap by mense is, terwyl me. Ngobezi Dwada sê dat (ouer) mense 'n ingeboude weerstand teen verandering het./<br>Gentleman sê aanpasbaarheid is ingebore, terwyl me. Ngobezi Dwada sê jy moet voorberei word vir verandering. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.11.2 | Dr. Gentleman is 'n lektor (in Bedryfsielkunde)./baseer sy siening op grond van wat navorsers/navorsing daaroor bekend gemaak het./'n kenner op hierdie gebied. ✓ | 1 |
| 1.11.3 | Mense aanvaar dat die lewe verandering/aanpassings gaan meebring. ✓ | 1 |
| 1.12 | Nuwe situasies sal nie meer vir 'n mens 'n bedreiging inhou nie.<br>Jy sal met jou lewe kan voortgaan, ondanks die uitdagings wat nuwe situasies meebring.<br>Jy sal jou reaksies op uitdagings beter kan beheer.<br>Jy sal die stres van verandering en aanpassing maklik kan hanteer.<br>Dit dra daartoe by dat jou menswees geslyp word.<br>Jou menswees word ontwikkel. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | Kelners bedien mense.<br>Mense sit by restauranttafels.<br>Mense eet.<br>Die man hou 'n spyskaart in sy hand.<br>Daar is eetgerei/kos op die tafel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.14 | Modelle eet gewoonlik nie baie nie./<br>Die restaurante sal nie groot verliese ly om modelle gratis te laat eet nie./<br>Modelle wat daar eet, sal 'n positiewe beeld vir die restaurant skep. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Ja<br>Die man sê hy is 'n model./Hy hoef nie aan die standaardvereistes vir 'n model te voldoen om een te wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die man lyk na 'n kansvatter. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die kelner tree professioneel op./wil net sy werk (om mense te bedien) doen./<br>Die kelner is skepties dat die slordige man 'n model is.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die kelner behoort nie nors/stuurs/afsydig teenoor die klant op te tree nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die man se verwagting en die kelner se houding word onafhanklik geassesseer.* | 1<br><br>1 |
| 1.16 | Dit vestig die leser se aandag op die dramatiese verduideliking wat gaan volg oor waarom die man homself as 'n model sien./<br>Dit laat die voorafgaande stelling insink./<br>Tydsverloop waarin hy die kelner van die egtheid van sy woorde wil oortuig./<br>Bou spanning/afwagting terwyl die man aan 'n idee dink om die kelner te oortuig./<br>Kelner wil man nie glo nie; dus moes die man ná die ellips uitbrei./<br>Soek woorde om sy voorkoms te regverdig dat hy 'n gratis maaltyd kan kry. ✓<br><br>*Die antwoord moet binne konteks aangebied word*. | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17 | Ja<br>Die spotprentkunstenaar dink buite die boks om hierdie man as model uit te beeld wat dan die aanpasbaarheid van die kelner sal uitbeeld.<br>In die spotprent gebruik die man sy aanpasbaarheidskwosiënt (AK)/om tot sy voordeel uit die boks te dink sodat hy 'n gratis ete kan kry./<br>In die spotprent dink die restauranteienaar buite die boks om vir modelle 'n gratis ete aan te bied. ✓<br><br>*'n Nee-antwoord kan nie hier aanvaar word nie.* | 1 |
| 1.18.1 | Nee<br>Die muis wil nie verander nie; hy verwag dat die man formeel moet lyk, terwyl die restaurantopset informeel is. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.18.2 | Die man lyk nie deftig genoeg vir 'n restaurant nie. ✓ | 1 |
| | **TOTAAL: AFDELING A** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 wenke (1 punt vir elke wenk)
  - 3 punte vir taal

    Totaal 10
- **Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 2 punte vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

| |
|---|
| Jy moet gereeld oefen wat help om jou stresvlakke laag te hou, en jy moet ook elke dag 'n lekker aktiwiteit doen wat jou laat ontspan. Wees versigtig om nie te veel kossoorte te eet wat jou serotonienvlakke vinnig verhoog en tot stres lei nie. Probeer om nie te veel suiker- en kaffeïendrankies te drink wat stresvlakke aanhelp nie en sorg verder dat jy kwaliteitslaap inkry. Jy moet ook gereeld met oggendsonlig in aanraking te kom. Probeer laastens massering as 'n manier om stres te verlig. **[Getal woorde: 86]** |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Oefen ... gereeld ...* | A | Oefen gereeld om jou stres te verminder. |
| 2 | *Doen elke dag iets lekker ...* | B | Doen elke dag 'n aktiwiteit wat vir jou aangenaam is om stres te verminder. |
| 3 | *Eet kossoorte wat jou ... ontspanne sal laat voel.* | C | Eet kossoorte wat jou laat ontspan, eerder as kossoorte wat jou serotonienvlakke verhoog. |
| 4 | *Vermy ... die oormatige inname van hoë suiker- en kaffeïendrankies ...* | D | Moenie te veel suiker- en kaffeïendrankies drink wat stresvlakke aanhelp nie. |
| 5 | *Sorg dat jy 'n behoorlike nagrus inkry ...* | E | Sorg dat jy kwaliteitslaap inkry omdat dit stres verlig. |
| 6 | *Stel jou aan soveel moontlik van die oggendsonlig se UV-strale bloot ...* | F | Stel jou gereeld aan sonlig/sonstrale/ oggendsonlig/UV-strale bloot. |
| 7 | *Besoek gereeld 'n masseur ...* | G | Probeer massering as 'n manier om stres te verlig. |
| | | | **Getal woorde: 69** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudige keusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
|---|---|---|
| 3.1 | dié ✓<br><br>Dit verander die (bepaalde lid-)woord na 'n (aanwysende) <u>voornaamwoord</u>./ <u>aanwysende woord</u>. ✓ | 1<br><br>1 |
| 3.2.1 | Dit trek die leser se aandag./<br>Dit laat die leser op die advertensie fokus./<br>Dit laat die leser wonder waaroor die advertensie handel./<br>Die leser sien die advertensie dadelik raak. ✓ | 1 |
| 3.2.2 | Ja.<br>Dit ondersteun die gevoel dat jy op 'n eiland is./<br>Dit sluit aan by 'n eilandgees./<br>Die woorde is in die vorm van 'n golf (wat by die eiland aansluit)./<br>Dit staan uit tussen die ander teks.<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>Die lettertipe sluit nie by die eilandgees aan nie./<br>Die woorde staan teen 'n ander agtergrond wat dit onnodig maak om nog 'n keer uit te hef. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Deur die gebruik van die woorde "jou"./"self"./<br>Die leser word direk aangespreek./<br>Die leser word uitgenooi om self te proe. ✓ | 1 |
| 3.4 | Dit is om die eilandlewe as buitengewoon/uniek/met 'n vreemde bekoring te beskryf./<br>Dit is om die leser weg te voer./te oortuig. ✓ | 1 |
| 3.5 | "lipleklekker"/"ontspan" ✓ | 1 |
| 3.6 | C/<br>die ontspanne atmosfeer van 'n eilandlewe ondersteun./<br>C die ontspanne atmosfeer van 'n eilandlewe ondersteun. ✓ | 1 |
| 3.7 | Die adverteerder hef/sonder die "fynproewers" uit asof net hulle Tropika mag drink. ✓<br><br>Die adverteerder is bevooroordeeld oor die feit dat "fynproewers" se lewens vervelig is./Tropika kikker jou saai lewe op. ✓ | 1<br><br>1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | A/<br>Onderwerp/<br>A onderwerp ✓ | 1 |
| 4.2 | Die woord "tjommies" skep 'n informele gesprekstoon (wat by skoliere pas)./om by die geslag van die twee ander karakters te pas./<br>Aangesien hulle nie vriende is nie, dui die woord op sarkasme. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 4.3 | Die vraagteken dui op die meisie se <u>onbegrip</u> (van die twee seuns se onvanpaste reaksie/handeling). ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 4.4 | Visueel: Hulle maak nie oogkontak met die meisie nie./<br>Hulle gesels asof sy nie daar is nie./<br>Slegs die gesiggie van die meisie word links onder in die hoekie van die raampie geteken, terwyl die twee seuns se volledige lyfies sentraal in die raampie geplaas is. ✓<br><br>Verbaal: Hulle gebruik die persoonlike voornaamwoord "sy" in plaas van "jy". ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Donkergedrukte woorde/Ander skriftipe/Woorde in hoofletters gedruk/ Twee uitroeptekens ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige EEN van bogenoemde antwoorde vir EEN punt aan*.<br><br>"ek roer"/"moet oppas"/"sommer nou-nou" ✓ | 1<br><br>1 |
| 4.6 | Die man se woorde by die begrafnis was <u>roerend</u>./<br>Hy het baie <u>roerende</u> bates in sy testament nagelaat. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige <u>soortgelyke sin</u> met "roerend"/"roerende" vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.7.1 | In RAAMPIE 2 is die seun selfvoldaan/(leed-)vermakerig/gelukkig/trots/tevrede/in sy noppies/beïndruk met hom en sy maat, maar in RAAMPIE 5 lyk dit of hy skaam/ moedeloos/in 'n verleentheid is. ✓ | 1 |
| 4.7.2 | Hy skaam hom vir sy maat se (ondeurdagte) reaksie./<br>Hy is moedeloos omdat sy maat se reaksie dalk 'n bevestiging is van dit wat die meisie in RAAMPIE 2 dink, (dat hulle reaksie/antwoord ondeurdag is)./<br>Hy lag oor sy maat se domheid.✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | hooftelwoord ✓ | 1 |
| 5.2 | Die kinders was <u>bly en verheug</u> oor die reaksie. ✓<br><br>Ja<br>Dit bevestig/versterk die kinders se geluk/opgewondenheid oor die reaksie op hul kunswerke.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Pleonasme is 'n taalverskynsel wat op lompheid dui. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Dag ✓<br><br>Ons ry daagliks bus skool toe en terug./Ek werk bedags in die tuin./Ek werk vandag in die tuin./Ons kom eersdaags kuier. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan, maar kan nie daaglikse as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 5.4 | Die organisasie se skryfbehoeftevennoot**,** *Staedler***,** het die *Fimo*-kunstenaar, Riaan Marais, na hierdie sentrum gebring.<br>Die parentese dui aan na wie die skryfbehoeftevennoot verwys.<br><br>**OF**<br><br>Sjoe, en het hierdie kinders van die buurt dit nou geniet! het Mia Sonnekus, woordvoerder van Staedler**,** gister gesê. ✓<br>Die parentese dui aan wie Staedler se woordvoerder is. ✓ | 2 |
| 5.5 | i – ni – si – a – tief ✓ | 1 |
| 5.6 | Die Bulle het vanjaar 'n jong span./<br>Die span bestaan uit jong deelnemers./<br>Jong, dis 'n goeie span. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin aan waar "jong span" as twee woorde gebruik word.* | 1 |
| 5.7 | gemeen/gemeenskap en projek ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide die stamme vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| | | **10** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou